

3 Desember

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:19-26

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:16-17

Karpos versus Sarkos

Kry jy dit dalk reg om al jou goeie voornemens na te kom? As jy dit regkry, dan is ek nogal jaloers op jou. Net as ek dink ek kry nou reg wat ek my voorgeneem het, dan byt en verskeur ek weer iemand. Ai, Vader ek het al weer teen U, myself en teenoor iemand gesondig!

Hoekom? Is dit ek en jy wat so swak is? Wel, dis die “sarkos”-aard in ons. *Sarkos* is die Griekse woord vir “vlees”, die “sondige natuur” van die mens (Gal. 5:19). Ons is ook soos Adam en Eva gewone mense met sondige dinge in ons hart, verstand en hande. Adam en Eva hét toe van daardie verbode vrug in die tuin van Eden geëet (Gen. 1:31). Wat moet ek doen, o Here? Ek erken dat hier binne my ’n stryd is tussen my vleeslike begeertes en my gees wat na u Gees probeer luister.

Self kan jy en ek niks doen nie. God die Vader gee sy Seun Jesus Christus om die straf vir die sonde en vir die sondige natuur wat in ons is, te dra. God gee sy Heilige Gees, wat Self ook God is, om in jou te woon en te werk (1 Kor. 3:16). Die Heilige Gees wat in jou is, gee aan jou sy “karpos” (Gal. 5:22). Die Griekse woord vir *karpos* beteken “vrug”. Binne jou is daar dus ’n nuwe stryd, die stryd tussen jou *sarkos* (vlees) en die *karpos* (vrug) van die Heilige Gees.

Hoor daarom: *“Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word”*. Hierdie “beheers” beteken dat jy in iemand se voetspore loop, om dieselfde as iemand anders op te tree. Luister na die Heilige Gees, loop in Jesus se voetspore, en doen wat jy by Hom hoor. Doen dit bietjie vandag en kyk wat met jou gebeur!

Sing: Psalm 51:1

Ds. J van Schaik (Randburg)